

Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Desember 2015 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 87:4, 5 (p. 438)

- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Dié en dié is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 135:1, 3, 8 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 3 In die hoogte sit die HEER; / daar doen Hy wat Hom behaag;
Hy stuur sy bevele neer, / en sy wil geskied omlaag.
See en aarde luister stil, / met die dieptes, na sy wil.
- 8 U Gedenknaam, HEER, sal leef / tot die verste nageslag.
U sal nooit u volk begeef, / maar U hou oor hul die wag.
En U knegte, skoon ontrou, / U sal hul in liefde aanskou.

Gebed

Skrifberyming 15-3:1, 3, 4 (39:1, 3, 4)

- 1 Dit sê die Eerste en Laaste, Hy / wat dood was maar nie dood kon bly:
Ek ken jou werke en lydenslot, / jou armoed, maar jy's ryk in God.
- 3 Wees nie bevrees as jul moet ly; / die duiwel self sal jul bestry.
Jul martelaarskap is kort van duur: / jul lyde is Gods beproewingsvuur.
- 4 Laat wie volhard in stryd en nood, / getrou wees maar tot in die dood.
En 'k gee hul as genadeloon / die onverwelkb're lewenskroon.

Skriflesing: Matteus 16:13-20; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 9

Kernvers: Matteus 16:18

**En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my
gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.**
(Matteus 16:18 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 2, Artikel 9

Hierdie raadsbesluit is die gevolg van God se ewige liefde vir die uitverkorenes. Die besluit word van die begin van die wêreld af tot vandag toe kragdadig deurgevoer ondanks die vergeefse verset van die magte van die doderyk. Hierdie besluit sal steeds deurgevoer word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd in een liggaam vergader sal word. Daar sal altyd 'n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus. Hierdie kerk moet Hom as haar Verlosser, wat sy lewe aan die kruis vir haar gegee het – soos 'n brudegom vir sy bruid – standvastig liefhê, Hom met volharding dien en van nou af tot in alle ewigheid verheerlik.

Tema: Christus bou sy kerk van die begin af en sal dit altyd bewaar

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens na die skepping kyk, sien 'n mens hoe presies elke ding in die skepping pas en werk. Selfs dinge wat vir ons mense onnodig moeilik lyk, is noodsaaklik in die skepping, want dit is hoe die Here dit beplan het.

Wanneer ons mense kyk hoe 'n skoenlapper spook en spartel om uit die harde kokon te kom waarin die papie hom 'n ruk tevore toegespin het, kry ons die skoenlapper jammer. Die skoenlapper lyk sy broos en sukkel behoorlik. Maar gaan probeer nou help, dan gaan jy

'n gemors van alles maak. As jy die skoenlapper nie gaan beseer in jou poging om hom te help nie, gaan jy sy lewe drasties verkort. Daardie gespook en spartel om uit die kokon te kom is juis nodig dat sy vlerke onder andere sterk kan word en hy kan vlieg. As jy hom maklik uit sy kokon gaan help, gaan sy vlerke nie so sterk word as wat dit behoort te wees nie en hy gaan vrek.

Maar dit is nie net in die skepping waar ons kan sien hoe fyn en presies die Here se werke by mekaar pas nie. Ons sien dit ook in die dinge wat Hy in sy Woord aan ons openbaar. Ons het nou al by verskeie geleenthede enkele dinge gesê oor die dwaalleer wat daartoe gelei het dat ons Dordtse Leerreëls opgestel is. Die dwaalleraars het onder andere gesê Christus se dood aan die kruis was nie bedoel om 'n spesifieke aantal mense van die sonde en die verderf te verlos nie. Volgens hulle het Christus gesterf omdat niemand aan die onmoontlike eis van volmaakte gehoorsaamheid aan die wet kon voldoen nie. Toe Christus daarvoor gesterf het, het God 'n ander makliker eis gekies waarvolgens mense gered kan word – hulle moet in Jesus Christus glo.

Dit hang dus volgens hierdie leer van die mens self af of hy gaan glo of nie. Christus het volgens hulle leer net die moontlikheid vir die verlossing vir die mens verwerf. Of die mens werklik verlos gaan wees, hang dus van die mens af. Dit kan dus gebeur dat daar niemand is wat gaan glo nie. Dit beteken in teorie dat daar dan in 'n stadium ook geen kerk op die aarde sal wees nie. Dit is oor hierdie gevolg van die dwaalleer dat ons artikel 9 bely, want as jy een waarheid uit die Woord van die Here verwyder, trek alles skeef en pas dit nie meer presies soos wat die Here dit beplan en bewerk nie.

Kom ons luister wat ons Here Jesus self aangaande die kerk vir ons leer. In die eerste deel van hierdie Skrifgedeelte het Jesus sy dissipels gelei om duidelik te sê wie Hy is. Petrus het by hierdie geleentheid as spreker vir al twaalf dissipels opgetree toe hy gesê het:

U is die Christus, die Seun van die lewende God. (Matteus 16:16b AFR53)

Hierdie een sinnetjie is die enkelvoudige waarheid aangaande Jesus waaraan ons moet vashou.

Uit ons Kategismus weet ons dat Christus Gesalfde beteken, want ons hemelse Vader het vir Jesus met die Heilige Gees gesalf as ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning. As ons hoogste Profeet het Jesus God se verlossing van sondaars aan ons kom preek. Hy het die verlossing nie maar net gepreek nie, maar as ons enigste Hoëpriester het Hy ook die enigste offer gebring om mense te verlos, naamlik sy eie sterwe aan die kruis op Golgota. Wie vertrou dat Jesus Christus ook vir hom van al sy sondes geheel en al verlos het, het Jesus ook as die enigste Koning in sy lewe. Sy woord is wet in hulle lewens.

Aangesien Jesus Koning is, beteken dit dat Hy ook onderdane moet hê. Onderdane is mense wat deur die Koning regeer word. Dit is mense wat die Koning dien. Die onderdane van Jesus is die mense wat Hy van die ewige dood gered het deur vir hulle sondes aan die kruis te sterf en uit die dood op te staan. Oor die hele aarde is daar sulke mense vir wie God uitverkies het. Vir al hierdie uitverkore mense het Jesus gesterf aan die kruis. Maar dit gaan nou nie baie help as Jesus mense verlos het van hulle sondes, maar hulle weet dit nog nie. Daarom stuur Hy mense wat sy Woord gaan verkondig aan mense. En met die Woord oortuig die Heilige Gees die mense van hulle sonde en lei hulle na Christus in wie se Naam hulle verlossing kry. Die Heilige Gees oortuig mense nie maar net van hulle verlossing nie. Deur die Woord werk die Heilige Gees ook die begeerte in hulle harte om deel te wees van die groter geloofsgemeenskap. Die Heilige Gees laat die gelowiges deel kry aan die verlossing wat Christus bewerk het en Hy maak hulle deel van Christus se liggaam, die kerk.

Geliefdes, as die Here Jesus dan van kerk praat, praat Hy van mense – mense wat glo dat Hy die Christus is, die Seun van die lewende God. En nou moet ons mooi oplet na Jesus se woorde. Hy sê: **Ek sal my gemeente bou**. Gelowige mense wat saamkom in 'n geloofs-gemeenskap kry dus die ere naam dat hulle Christus se kerk genoem word. Wanneer ons egter van die kerk praat, dan sê ons so maklik *my kerk* of *jou kerk*. Die kerk behoort nie aan ons nie, daarom kan ons nie praat van ons kerk nie. Die kerk – ons almal – behoort aan Jesus. Hy is ons Here, ons Eienaar, want Hy het ons met sy bloed gekoop.

Petrus het hierdie woorde van Jesus tot in sy ouderdom onthou. In sy eerste brief het hy vir ouderlinge geskryf dat hulle nie oor die kerk mag baasspeel nie. Geen mens mag dus baas wil wees in of van die kerk nie. So 'n mens wil dan vir Jesus van sy troon afstamp en in Jesus se plek koning wees oor die kerk. Mag die Heilige Gees elkeen van ons bewaar dat ons nie so 'n onnosel ding in hierdie gemeente aanvang nie.

Jesus sê: **Ek sal my gemeente bou**. Nou sal ons dadelik vra: Maar hoe bou 'n mens gelowige mense? As Jesus sê Hy bou sy kerk, is dit 'n beeld wat Hy gebruik om te sê hoe Hy gelowiges saambring as kerk van Hom. Deur die Heilige Gees en met sy Woord oortuig Jesus mense dat Hy hulle van hulle sondes verlos het. Die Heilige Gees maak mense wat eers dood was in hulle sonde lewendig met die Woord van die Here. Hy werk in hulle die begeerte om vir die Here te lewe. En al hierdie mense wat Hy so lewendig gemaak het, voeg die Heilige Gees bymekaar om kerk van Jesus Christus te wees.

Die mense wat hulle so as lewende stene in die geestelike huis van Christus laat inbou saam met ander lewende stene, sal nie in godsdienstige individualisme verval nie. Godsdienstige individualisme beteken dat jy dink jy kan op jou eie geestelik groei en jy het nie ander gelowiges nodig nie. Elkeen van ons ken mos mense wat sê dat hulle nie die kerk nodig het nie, of sê dat die kerk hulle in elk geval nie sal red nie. Dit is waar, die kerk red ons nie, Jesus doen dit. Maar elkeen wat homself los van die kerk wil maak en dink hy sal geestelik bly groei, maak 'n baie groot fout. So 'n mens is dan soos 'n alleensteen. Die ding lê mos daar op die werf rond en al wanneer hy gebruik word, is om agter die kar se wiel neer te sit sodat die kar nie teen die afdraande afrol nie. 'n Alleensteen-mens is om die waarheid te sê 'n stok in die speke vir die kerk, want so 'n gelowige wil nie sy gawes deel met ander en deel hê aan die gawes van ander nie. Maar hy is ook in verzet teen die Here se bouwerk. Die Here wil graag sy kerk voltooi en nou lê hierdie alleensteen-mens moedswillig daar eenkant en is ongehoorsaam aan die Koning. Kan so 'n mens werklik sê dat Jesus alleen as Koning in sy lewe regeer?

Kyk nou waarop bou Christus sy kerk – nie op sand nie maar op 'n rots. Hy bou sy kerk bo-op 'n rots, 'n rots wat hoog is, want die kerk is nie op dieselfde vlak as die wêreld nie. Die kerk is maaksel van die Seun van God en nie 'n byeenkoms van 'n sportvereniging of 'n skool se beheerliggaam nie. Die kerk is deur Christus uitgedink en nie deur mense nie.

En die rots, sal jy nou vra, wat is die rots waarop Christus sy kerk sal bou? Oor hierdie rots waarop Christus sy kerk sal bou, is daar al baie geskryf en geredeneer. Die Roomse Kerk wil hê dat Petrus die rots moet wees waarop die kerk gebou word. Ander mense sê Christus is die rots waarop die kerk gebou word. Ander weer sê, nee, dit is die belydenis wat Petrus uitgespreek het; dit is die rots.

Uit wat Christus hier sê en wat Hy deur die Heilige Gees op ander plekke in die Bybel openbaar, lyk dit asof die rots al drie bogenoemde is wat dan saamtrek in Jesus die Christus, die Seun van die lewende God. Petrus alleen is nie die rots nie, alhoewel die naam Petrus inderdaad rots beteken, maar dit is die naam wat Christus hom gegee het.

Toe Petrus hierdie belydenis aangaande Jesus uitgespreek het, het hy beantwoord aan die naam wat Jesus hom gegee het. Maar dit was nie net Petrus wat bely het wie Jesus is nie. Hy het op daardie oomblik namens al twaalf die dissipels gepraat, soos wat sommige van die ander dissipels by geleentheid ook namens al twaalf gepraat het.

Die belydenis dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, is dus deur al die apostels, insluitende Paulus wat later apostel geword het, uitgespreek. Daarom skryf die Heilige Gees in Efesiërs 2 dat die kerk van Christus die gebou is wat opgerig is op die fonda-ment van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. Petrus en die ander apostels en die profete is nie as mense die fondament van die kerk nie. In hulle diens as predikers oor wie Christus is, is hulle fondament. Hulle werk as predikers is dus die fondament of rots. En hulle het Jesus Christus verkondig en Hom as die Gekruisigde. Van die apostels was Petrus inderdaad deur die genade van die Here die eerste apostel wat Christus aan die Jode sowel as aan die heidene verkondig het. En deur middel van hierdie preke het Christus sy kerk onder die Jode sowel as onder die heidene gebou.

Christus is die inhoud van die preke van die apostels, daarom word Christus in die briewe van Paulus en Petrus die hoeksteen of fondament van die kerk genoem. Christus Jesus is inderdaad die rots waarop die kerk gebou word, want Christus trek mense deur sy Woord en Gees na Hom toe en die Heilige Gees lyf die gelowiges in Christus in. Hy bou ons bo-op die rots Christus.

Watter Christus? Christus, die Seun van die lewende God, wat ook Jesus genoem word, omdat Hy ons van ons sondes verlos het. As hierdie waarheid oor wie Jesus werklik is uit die kerk van die Here weggeneem word, stort die kerk in duie. As Christus nie die Seun van God is nie, is die kerk 'n bedrogspul. As Christus nie werklik die Seun van God is nie, is die preke nutteloos, en ons geloof is nutteloos en is ons steeds in die sonde en nog nie verlos nie. Geliefdes, as ons – die Gereformeerde Kerk Bellville – nie meer vashou aan die waarheid dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God nie, is ons nie meer kerk van Christus nie. Die dag wanneer dit gebeur, moet ons onself afvra waarom ons nog op 'n Sondag bymekaarkom. 'n Kerk wat nie op Christus die Seun van die lewende God gebou is nie, staan op sand en gaan in duie stort.

Maar kom ons loof en prys die Here. Christus is nog besig om aan hierdie kerk van Hom te

bou. En deur sy genade staan hierdie kerk nog op die rots wat Christus self gee. Hierdie bouwerk van Christus vind plaas deur middel van die Woordverkondiging in eredienste, huisbesoeke en Bybelstudies. Mag die Here Jesus ons op hierdie rots bewaar, soos Hy ook in ons kernvers belowe.

Jesus sê:

... op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. (Matteus 16:18 AFR53)

Met die doderyk bedoel Jesus die magte wat teen Hom is. En ons almal weet wie teen Jesus is. Dit is die duiwel en al sy trawante wat mense nie in die hemel by God wil hê nie maar in die hel saam met hulle.

Die kerk van die Here Jesus het inderdaad 'n gedugte vyand. Toe die Satan met al sy slinkse planne nie kon keer dat Jesus aan die kruis verlossing vir mense kon bewerk nie, het hy met 'n ander strategie begin. Aangesien hy niks meer aan Christus kan doen nie, probeer hy alles in sy vermoë om die waarheid aangaande Jesus af te breek en om die kerk saam met hom in die afgrond af te sleep. Dit is omdat die Satan aansluiting vind by die sondige geaardheid van mense dat ons mense kry wat niks van die waarheid aangaande Jesus wil weet nie. En as hulle nog die Naam van ons Here Jesus op hulle lippe neem is dit om sy Naam as 'n vloekwoord te gebruik.

Of hy kom met 'n ander slinkse plan. Lidmate word kwaad vir iets wat die predikant of kerkraad of 'n lidmaat gedoen het en nou los hulle die kerk. Kwaad en dikmond gaan sit hulle eenkant en wil nie as lewende stene in die gebou van God wees nie. Dit is gewoonlik hierdie mense wat die kerk dan ook slegmaak en sê dat die kerk 'n spul skynheilige mense is. 'n Lewende steen in die kerk van die Here soek eerder saam met die res van die kerk na die waarheid wat pas op die rots, wat ooreenstem met die belydenis wie Jesus is.

Geliefdes, die kerk het inderdaad 'n gedugte vyand wat ons nie moet onderskat nie. Maar ons Here Jesus, die Seun van die lewende God, belowe: Die magte van die doderyk sal sy kerk nie oorweldig nie. Die kerk van die Here sal tot op die laaste dag van hierdie wêreld bestaan omdat die Here so sê. Al gaan 'n kerk soms mank aan goeie Woordbediening of al is die diensknegte laks met hulle huisbesoeke en al is lidmate traag om regtig kerk van die Here wees, sal die Here sorg dat sy kerk bly voortbestaan. Dit gee egter nie aan ons die vrypas om nou maar te maak soos wat ons wil nie. O nee, as Jesus regtig vir ons die Christus is, die Seun van die lewende God, sal ons aanhoudend roep dat die Heilige Gees ons getrou sal maak aan Christus sodat ons uit dankbaarheid kan aanhou om die Naam van ons Here Jesus te verkondig. Mag die Gereformeerde Kerk Bellville altyd kerk van Christus bly tot eer van sy Naam en tot voordeel van alle mense.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 12-2:4, 5 (27:4, 5)

- 4 Ek geloof, met stille^oaanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het, my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een, wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid, in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees, en 'n lewe^oin ewige duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 Desember 2015